

# Soek nou mark en voer gou uit

Die Suid-Afrikaanse rooivleisbedryf is in 'n gunstige posisie om wesenlike uitvoer 'n werklikheid te maak, sê die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO).

**V**eel meer se ekonomiese oorlewingsvermoë is onder druk en uitvoer kan hul winsgewendheid bevorder.

Suid-Afrika se kommersiële bees- en skaapvleisbedryf is internasionaal mededingend. Boonop ondersteun die wisselkoers plaaslike uitvoerders.

Die plaaslike voerkraalbedryf voer rooivleis na 42 lande uit. Dit sluit in Afrikalande, Frankryk, Italië, Indië en Singapoer. Rooivleisboere het egter nog nie daarin geslaag om die lonendste markte te ontgin nie. Dit behoort 'n doelwit vir die bedryf te wees, sê die RPO.

Rooivleisboere sal egter nuut en vernuwend moet dink, 'n mark moet identifiseer en seker maak dat hulle die behoeftes van die verbruikers in daardie mark verstaan.

In die lonendste uitvoermarkte word produsentepryse van R64 tot R82 per kilogram beesvleis behaal, terwyl die produsenteprys van lamsvleis in Amerika R126/kg is.

## VRAAG

Die vooruitsigte vir die vraag na rooivleis is rooskleurig met skattings dat daar ongeveer 1,2 miljard mense in Afrika is. Dit verteenwoordig 15,5% van die wêreldbevolking. Afrika is ook die vasteland met die vinnigste bevolkingsgroei ter wêreld. Na raming sal Afrika se bevolking teen 2050 meer as verdubbel.

Die voedselmark in Oos-

Suid-Afrika sal teen 2040 meer as verdubbel.

Die groei in die internasionale vraag is stadiger. Projekties wys dat die aarde se bevolking in die volgende dekade met 750 miljoen sal groei.

Suid-Afrika is 'n netto invoerder van rooivleis, maar as sy produksie genoeg ontwikkel, kan die prentjie anders lyk. Produk-ontwikkeling behels onder meer beter tegnologie en bestuur. Intensivering en 'n verbetering in produksiestelsels kan ook 'n bydrae lewer. Die kommersialisering van die opkomende sektor kan ook daartoe lei dat meer rooivleis gelewer word.

'n Ander aspek wat 'n groot invloed op rooivleisboere het, is 'n produksie-omgewing waarin hulle bemaatig is om te doen waarmee hulle goed is, naamlik die produksie van vleis. Die Regering se vermoë om noodsaaklike dienste te lewer, is beperk en dit verswak steeds. Die rooivleisbedryf moet die Regering met die verskaffing van noodsaaklike dienste ondersteun.

Wat die mededingendheid van die plaaslike rooivleisbedryf betref, behoort kuddegesondheid, doeltreffende reproduksie en genetiese verbetering aandag te geniet. Diere moet aanpasbaar wees by die plaaslike toestande en steeds 'n maksimum hoeveelheid vleis lewer.

Die inname en benutting van voedingstowwe is belangrik. Boere moet die chemiese samestelling van huidige en potensieel

voedselsoorte verstaan, waaronder afvalprodukte en biobrandstofreste. Dieselfde geld die regte produksiestelsels vir die maksimum uitset.

Wat infrastruktuur, toerusting en praktyke vir diereproduksie betref, kan sagteware en GPRS-tegnologie 'n groter rol speel, veral om veediefstal te bekamp.

Wanneer gehalte en waardetoewoeging ter sprake is, is dit nodig dat die rooivleisboer anders sal dink oor neweprodukte, soos afval, huide, velle en leer. 'n Inkomste kan ook daarmee verdien word, terwyl produktegnologie en raklewe in ag geneem moet word.

Die verbruiker se behoeftes moet altyd vooropgestel word. Die moderne verbruiker is meer gesofistikeerd en baie skepties oor die gebruik van groeihormone, beta-antagoniste en antibiotika. Baie verbruikers is bereid om 'n premie te betaal vir produkte met etikette, soos vrylopend, graan-gevoer of grasgevoer. Tans word 26 sulke handelsmerke in Suid-Afrika geoudit.

As die plaaslike rooivleisbedryf op wesenlike skaal wil uitvoer, sal die potensiaal van die opkomende sektor ontgin moet word deur middel van kommersialisering, tegnologie-oordrag en opleiding. Tans besit 215 034 huishoudings skape, 429 065 huishoudings besit bokke en 613 662 huishoudings

besit beeste. Die bedryf moet seker maak dat die opkomende sektor ook sy regmatige inkomste met rooivleis verdien.

Die middelklas, wat R4 000 tot R6 000 per kop per maand verdien, is die grootste rooivleisverbruikers in die land. Die redenasie kan dus gevoer word dat daar 'n oorvoorsiening van puik rooivleis in Suid-Afrika is.

## STATUS VAN DIEREGESONDHEID

As Suid-Afrika die lonendste markte met handelsmerke wil ontgin, moet hy geag word as 'n land met 'n baie hoë dieregesondheidsstatus. Doeltreffende nasionale en provinsiale dieregesondheidsforums wat die nasionale en provinsiale departemente ondersteun om sterk vertroue in Suid-Afrika se dieregesondheidsstelsel te vestig, is van deurslaggewende belang. Toe malbeessiekte (BSE) destyds in Brittanje uitbreek het, het beesvleisverbruik daar oornag met 40% gedaal.

Dit is belangrik dat elke rooivleisboer 'n eie siektebeheerprogram op die plaas in werking het. Dit moet saam met 'n veearts opgestel word.

Die wisselwerking tussen beeste en wild is 'n groot probleem wat kan lei tot die oordrag van siektes, soos bek-en-klouseer, korridorsiekte en snotsiekte. **LBW**

## WAT KAN UITVOER AANHELP?

Die Suid-Afrikaanse rooivleisbedryf kan sy droom om op groot skaal uit te voer, verweselik deur die volgende stappe te volg:

- Stel doeltreffende stelsels in wat die bemerkingskoste in die uitvoerlande mededingend sal hou.
- Balanseer die in- en uitvoer van bees- en skaapvleis.
- Maak seker dat primêre produsente en ontwikkelende boere deel in premies wat in die uitvoermarkte behaal word.
- Skep verbruikersvertroue in vleisveiligheid, higiëne en residu-monitoring.
- Stel genoeg geakkrediteerde uitvoerabattoirs beskikbaar.
- Stel uitvoerprotokolle beskikbaar.
- Sorg vir gunstige onderhandeling van handelsooreenkomste.
- Skep 'n naspeurbaarheidstelsel.
- Skep 'n bykomende vleisgehaltetelsel.

## ➤ HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY 012 349 1102. E-POS: [RPO@LANTIC.NET](mailto:RPO@LANTIC.NET). WEBWERF: [WWW.RPO.CO.ZA](http://WWW.RPO.CO.ZA). SEL 082 783 0011; ME. LIZETTE VERMAAK 082 412 2868